Ontmoetingsdiens

Votum

Seën

Lofpsalm: Ps. 46: 1 & 6

1

God is 'n toevlug in die nood,

'n rots wat altyd vas bly staan,

al dreig die vyand met die dood,

al storm sy leërbendes aan.

Laat dan maar buig en beef

al wat ons hier omgeef;

laat berge uit hul stee

wegwankel in die see -

ons sal nie beef of rugwaarts gaan.

Woorddiens

Gebed

Skriflesing: Matt. 28: 16-20, Lees HK Sondag 7, v&a 22; 8, v&a 24 & 25

[16]EN die elf dissipels het na Galiléa gegaan, na die berg waar Jesus hulle bestel het.

[17]En toe hulle Hom sien, het hulle Hom aanbid; maar sommige het getwyfel.

[18]En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde.

[19]Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.

[20]En kyk, En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen.

Vraag 22: Wat moet 'n Christen glo?

Antwoord: Alles wat in die evangelie aan ons beloof word (a) en wat die artikels van ons algemene en ongetwyfelde Christelike geloof ons in hoofsaak leer.

Vraag 24: Hoe word hierdie artikels ingedeel?

Antwoord: In drie dele: die eerste handel oor God die Vader en ons skepping; die tweede oor God die Seun en ons verlossing; die derde oor God die Heilige Gees en ons heiligmaking.

Vraag 25: Terwyl daar maar tog net een, enige Goddelike Wese is, waarom praat jy van drie, naamlik die Vader, Seun en Heilige Gees (a)?

Antwoord: Omdat God Hom so in sy Woord geopenbaar het (b) dat hierdie drie onderskeie Persone die enige, ware en ewige God is.

Fokus: Matt. 28: 19

[19]Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.

Vraag 24: Hoe word hierdie artikels ingedeel?

Antwoord: In drie dele: die eerste handel oor God die Vader en ons skepping; die tweede oor God die Seun en ons verlossing; die derde oor God die Heilige Gees en ons heiligmaking.

Matt. 28: 19 is seker een van die tekste in die Bybel wat die duidelikste verwys na die drie Enige God. Ter wille van tyd en fokus, gaan ons net fokus op die doop in die Naam van die Vader, Seun, en Heilige Gees.

'n Ander teks wat ook baie duidelik na die drie-Eenheid verwys is met Christus se doop in Matt. 3:16-17. "*En nadat Jesus gedoop was, het Hy dadelik uit die water opgeklim, en meteens gaan die hemele vir Hom oop, en Hy sien die Gees van God soos 'n duif neerdaal en op Hom kom. En daar kom 'n stem uit die hemele wat sê: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het.*" Hier

is duidelik in onderskeid tussen die drie Persone van God in die manier hoe Hulle werksaam is. Ons glo in een God, maar dat hierdie God Homself openbaar in drie Persone.

Die woorde wat ons bely in die NGB lui so: Ons glo volgens hierdie waarheid en hierdie Woord van God in 'n enige God, een enige wese, in wie drie Persone is, naamlik die Vader en die Seun en die Heilige Gees, wat in werklikheid en in waarheid en van ewigheid af onderskeie is volgens die eienskappe wat Hulle nie met mekaar deel nie.

Onthou, ons glo in EEN God, maar elke Persoon van God werk op ’n ander manier. Die drie Persone deel dieselfde wese. So as jy glo in die Naam van die Vader, Seun, en Heilige Gees dan glo jy steeds net in een God. Ons onderskei die drie Persone soos volg:

Die Vader is die oorsaak, oorsprong en begin van alle sigbare en onsigbare dinge.

Die Seun is die Woord, die Wysheid en die Beeld van die Vader.

Die Heilige Gees is die ewige Krag en Mag wat van die Vader en die Seun uitgaan.

Hierdie onderskeiding nie dat God in drie gedeel is nie, aangesien die Heilige Skrif ons leer dat die Vader en die Seun en die Heilige Gees elkeen sy eie selfstandigheid het, deur sy eienskappe op so 'n wyse dat hierdie drie Persone slegs een enige God is. Dit is dus duidelik dat die Vader nie die Seun en die Seun nie die Vader is nie; eweneens dat die Heilige Gees nie die Vader en ook nie die Seun is nie. Nogtans is hierdie Persone, wat so onderskeie is, nie gedeel nie en ook nie onderling vermeng nie. Die werksaamhede van die drie Persone, as jy mooi daaroor dink, is dinge wat hulle nie met mekaar deel nie. Dit is nie die Vader wat mens geword het en aan die kruis gesterf het nie en so ook nie die Heilige Gees nie. Dit is nie die Seun wat dien as oorsprong van die skepping nie, maar dien as Middelaar van die skepping. Dit is ook nie die Persone van die Vader en die Seun wat direk in jou woon nie, maar die Heilige Gees wat as Krag van God met krag in jou woon.

Jy het ’n ander tipe verhouding met elkeen van die Persone van God. Dit sien ons veral raak by jou doop. Hoor wat sê die doopsformulier:

Die heilige doop betuig en verseël aan ons die afwassing van die sondes deur Jesus Christus [1 Korintiërs 6:11]. “*En dit was sommige van julle; maar julle het jul laat afwas, maar julle is geheilig, maar julle is geregverdig in die Naam van die Here Jesus en deur die Gees van onse God.*”

Daarom word ons gedoop in die Naam van God: die Vader en die Seun en die Heilige Gees [Matt. 28:19]. “*en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees*” Want as ons in die Naam van die Vader gedoop word, betuig en verseel die Vader aan ons dat Hy 'n ewige genadeverbond met ons oprig [Gal. 4:6-7] “*En omdat julle kinders is, het God die Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur, en Hy roep: Abba, Vader! Daarom is jy nie meer dienskneg nie, maar kind; en as jy kind is, dan ook erfgenaam van God deur Christus.*”, ons tot sy kinders en erfgename aanneem en ons daarom met alle goeie dinge wil versorg en alle kwaad van ons wil afweer of tot ons beswil beskik.

En as ons in die Naam van die Seun gedoop word, verseël die Seun aan ons dat Hy ons in sy bloed so van al ons sondes was – waarmee Hy ons in sy dood en opstanding inlyf – dat ons van ons sondes bevry en voor God regverdig gereken word [1 Korintiërs 1:30]. “Maar deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons geword het wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing.”

Net so ook as ons in die Naam van die Heilige Gees gedoop word, verseker die Heilige Gees ons deur hierdie heilige sakrament dat Hy in ons wil woon en ons tot lidmate van Christus wil heilig [1 Korintiërs 12:13] “*Want ons is almal ook deur een Gees gedoop tot een liggaam, of ons Jode of Grieke is, slawe of vrymanne; en ons is almal van een Gees deurdronge.*” deur tot ons eiendom te maak wat ons in Christus het, naamlik die afwassing van ons sondes en die daaglikse vernuwing van ons lewe, totdat ons eindelik onder die gemeente van die uitverkorenes in die ewige lewe vlekkeloos gestel sal word [Rom. 8:9, 15-16]. “*julle is egter nie in die vlees nie, maar in die Gees, as naamlik die Gees van God in julle woon. Maar as iemand die Gees van Christus nie het nie, dié behoort nie aan Hom nie. Want julle het nie ontvang ’n gees van slawerny om weer te vrees nie, maar julle het ontvang die Gees van aanneming tot*

kinders, deur wie ons roep: Abba, Vader! Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is;"

Met jou doop bind God Homself met sy Naam aan jou. In die Persoon van die Vader rig God 'n ewige genadeverbond met jou op. Dit is 'n besonderse verhouding wat God jou in sy gemeenskap (of kerk) insluit. Sodoende word jy grootgemaak met sy heilige Woord. Verder as word in jy in die Naam van die Vader gedoop, omdat Hy jou, wat 'n weeskind was, aanneem as sy kind, om jou te versorg en jou wil beskerm van alle kwaad.

In die Persoon van die Seun, verseker die Seun jou dat Hy werklik vir JOU, nie net vir ander nie, met sy bloed betaal het en jou sondes afwas. Met sy dood en opstanding verseker die Seun jou dat jou verlos is van jou sondes, en voor God regverdig verklaar word.

In die Persoon van die Heilige Gees verseker die Heilige Gees dat Hy werklik in jou woon. Dit is nie maar net 'n teorietese woning nie, maar 'n werklike een. Verder Maak die Heilige Gees jou al hoe meer heilig, Hy bevestig met jou die beloftes van God en maak jou God se eiendom. Hy verwerklik die afwassing van jou sondes in jou.

Wanner jy bid, dan bid jy tot God drie-Enig. Tog, moet jou gebed in lyn val met die wyse waarop God Homself in sy Woord openbaar. Jy bid tot die Vader, want dit is die Vader wat jou aangeneem het as sy kind, en oor jou sorg en jou wil beskerm. Jy bid DEUR die Seun, want die Seun is ons Middelaar by die Vader. 1 Joh. 2:1 "*ons het 'n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige.*" Die Heilige Gees heilig jou gebed en soos Rom. 8:26 sê, "*En net so kom ook die Gees ons swakhede te hulp, want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge.*"

Op hierdie manier het jy 'n unieke verhouding met elkeen van die Persone in die drie-Eenheid. Die genade hiervan as dat God in sy volheid met jou verhouding het. Daar is niks van Homself wat Hy nie met jou deel nie. In sy liefde, omvou Hy jou in die Persoon van die Vader, Seun, en Heilige Gees.

Antwoorddiens

Gebed

Slotsang: Ps. 105: 1

1

Loof, loof die HEER van alle here!

Verhoog sy Naam en gee Hom ere,

en bring sover daar volke is,

sy dade in gedagtenis;

en spreek met aandag en ontsag

van al sy wonders, dag aan dag.

5

Die HEER wat van geen wankel weet nie,

sal nimmer sy verbond vergeet nie;

al sy beloftes bly van krag

tot in die duisendste geslag.

Verbond met Abraham, sy vrind,

bevestig Hy van kind tot kind.

Seën